



## Finansies Beleid: Interne lenings

<b>Tipe dokument:</b>	Beleid
<b>Doel van die beleid:</b>	Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing op aansoek en goedkeuring van interne lenings.
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	5/4/2009
<b>Implementeringsdatum:</b>	2009
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Soos nodig
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	Geen
<b>Beleideienaar<sup>1</sup>:</b>	Uitvoerende Bedryfshoof
<b>Beleidkurator<sup>2</sup>:</b>	Hoofdirekteur: Finansies
<b>Sleutelwoorde:</b>	Iterne Lenings,
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

### 4.3 INTERNE LENINGS

**Beleidnr:** 22/05/07

**Bestek:** Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing op aansoek en goedkeuring van interne lenings.

**Beleid:**

- Interne lenings aan omgewings vir die tydelike finansiering van bedryfs- en kapitaaluitgawes word op meriete oorweeg waar die betrokke omgewing nie oor voldoende fondse beskik om dit self binne die betrokke finansiële jaar te bekostig nie. Vir oorweging moet die betrokke omgewing aandui hoe die leningsverpligting uit toekomstige inkomste befonds gaan word.
- 'n Interne lening sal slegs beskikbaar gestel word nadat 'n volledige skuldooreenkoms opgestel en onderteken is deur die betrokke Verantwoordelikheid Sentrumhoof. 'n Konsepooreenkoms is beskikbaar by die Rekenmeester – Finansies: Fondse en Batebestuur. Die ooreenkoms sal die detail bevat van o.a. die delgingstermyne en bron van finansiering (kostepunt).
- Alle interne lenings tot R500 000 mag goedgekeur word deur die Uitvoerende Bedryfshoof: Finansies, of as hy nie beskikbaar is nie, die Hoofdirekteur: Finansies. Die Rektor se Bestuursvergadering (Finansies) of Finansieskomitee se goedkeuring moet verkry word vir interne lenings van R501 000 tot R5 000 000. Lenings groter as R5 000 000 moet aan die Uitvoerende Komitee(Raad) voorgelê word.
- Totale interne lenings toegestaan mag op geen stadium 10% van die totale beleggingspoel van die Universiteit (uitgesluit Stellenbosch Trust) oorskry nie.
- Rente op 'n interne lening sal altyd gehê word teen die primakoers – 2%.

Die finansiële administrasie en kontrole van interne lenings word hanteer deur die afdeling Finansies: Fondse en Batebestuur wat rente- en delgingsinskrywings bereken en jaarliks joernaliseer.

**Kontak afdeling:**

Finansies: Fondse en Batebestuur